LEEUWENHOF AKADEMIE
LAERSKOOL NUUSBRIEF NR. 12 / 2017
11 APRIL 2017

Geagte ouers en personeel,
Na ‘n lang termyn het ‘n welverdiende vakansie uiteindelik aangebreek. Dankie vir elkeen se ondersteuning en insette. Ons het groot waardering vir elkeen. Personeel, leerders en ouers moet die rustyd baie geniet. Kom asseblief terug met nuwe krag en ywer om die tweede termyn aan te pak. Reis asseblief veilig wanneer u op vakansie gaan en kom weer veilig terug.

AKADEMIE

JONG SKRYWER BESOEK LEEUWENHOF: GRAAD 4 TOT 7

Op Woensdag, 5 April 2017, het die veertienjarige Karla Schutte, ‘n Graad 9 leerder by Hoërskool Eldoraigne, Leeuwenhof besoek. Karla het op 13-jarige ouderdom ‘n tienerroman en perdeverhaal, *Karike,* gepubliseer.

Graad 4-7 leerders het die praatjie in die Laerskoolsaal bygewoon. Karla het meer oor haar boek vertel asook hoe haar pad verloop het vandat sy begin skryf het totdat die finale produk uitgegee is.

Daarna was daar ’n boekverkoping waar leerders die geleentheid gehad het om Karla persoonlik te ontmoet. Sy het ook die boek geteken vir leerders wat dit gekoop het.

Leeuwenhoffers het soos altyd wanneer ‘n skrywer besoek aflê, die geleentheid terdeë geniet en was meegevoer en geïnspireer om ook hul eie boeke te begin skryf.

ALGEMENE KENNIS

Baie geluk aan ons leerders wat pragtig presteer het in die termyn se Algemene Kennis toets. Ons is trots op elkeen. Spesiale vermelding van Ian Wessels in gr. 5 wat volpunte vir die toets gekry het. Sien uitslae aangeheg aan hierdie nuusbrief.

GRAAD 6 LEERDERS MAAK GEMMERBIER

Die graad 6 leerders het verlede week hulle eie smullekker gemmerbier gemaak. Die gemmerbier is prakties uitgevoer om die proses van fermentasie te sien. Elke groep het met hulle eie unieke naam, logo en slagspreuk na vore gekom vir hulle gemmerbier.

Dit was verseker ’n treffer en kan by die huis probeer word:

- 4 x 1/2 liter water
- 3 koppies suiker
- 121/2 ml gemmer
- 10ml suurdeeg
- Rosyne
- Meng alles saam en neem dit waar vir 36 uur

Sodra die rosyntjies op en af begin beweeg, is jou gemmerbier reg om gedrink te word.

LEERDERS SPOG MET HUL PRAGTIGE KUNSWERKE

MEDIAKOMITEE 2017

Die 2017 Mediakomitee is ten volle opgelei gedurende die eerste termyn om boeke elektronies in- en uit te reik. Hierdie Graad 7 leerders is van onskatbare waarde in die mediasentrum en dit is vir die bibliotekaresse, me Elize van Wyk, ‘n riem onder die hart dat hulle so pligsgetrou en entoesiasties hul dienste verrig.

Op die foto is die leerders as volg:

Voor: Heinz Vogelsang, JP Liebenberg, Jaden Fourie, Carl Janse van Rensburg en Llewellyn van der Merwe.

Middel: Almarie Stoltz, Tenielle Bruwer, Clareze Gerber, Dané Krouwkamp, Cézanne Britz en Nicole Martin.

Agter: Diaan Beeslaar, Ninke Otto, Chené Erasmus, Karla van Staden en Reuben Devetzis.

WOW SANLAM SPELFEES

VERLOOP:

1. Die lyste is reeds uitgedeel aan al die leerders
2. Die week van 15 Mei gaan die uitdunne in die klasse plaasvind
3. Woensdag **17 Mei** skryf **al** die leerders ‘n skriftelike toets in die klas van 30 woorde.
4. Die top 15 spellers van elke graad gaan die aand van **22 Mei** uitspel dat die spoeg spat en lettertjies waai!

   Die ernstige spellers moet asseblief in die vakansie aan die woorde oefen!

SPORT

PERDRY

Ons het die eerste uitslae van die perderuiters ontvang. Baie geluk aan al ons ruiters wat pragtig presteer het. Ons is baie trots op elkeen. Uitslae is aangeheg aan hierdie nuusbrief.

PAASDIENS

Op die 12de April hou die Laer– en hoërskool gesamentlik ‘n Paasdiens in die Laerskool se Amfiteater om 08:00. Ouers is baie welkom om die diens saam met personeel en leerders by te woon

CLICK 2 CHOW

Ons herinner ouers aan die kompetisie hieraan verbonde. Die eerste 100 bestellings deur Click 2 Chow kom in aanmerking vir ‘n R500 kontantprys. Hoe meer ons ouers bestel hoe groter is die kans dat u kind dalk met R500 kan wegstap.

BUITESKOOL PRESTASIES

Graad	Naam van leerder	Prestasie Behaal
3	Minke Slabbert	• Con Spirito kunswedstryd- 91% Redenaars Afrikaans
6	Teagan Joubert	• Haar IPT span eindig 3 de by die Nasionale kompetisie

Graad	Naam van leerder	Prestasie Behaal
5	Riley Du Plessis	• Riley was gekies om Suid-Gauteng by die Interprovinsiale Aksienetbal toernooi te verteenwoordig.
6	Ulrike Oosthuizen	• Ulrike het aan die South Africa Championships of Performing Arts deelgeneem as lid van die Gautengspan. Sy het in die vokaal- en drama afdelings deelgeneem en 11 medaljes verower – 5 x goud, 2 x silwer en 4 x brons. • Sy is uitgenooi om as lid van die Suid-Afrikaanse span in Julie aan die Wêreldkampioenskappe in Los Angeles te gaan deelneem.
6	Danré Juckers	• Danré was gekies om Suid-Gauteng by die Interprovinsiale Aksienetbal toernooi te verteenwoordig.

7	Celia Janse van Rensburg 	• Celia was gekies om Suid-Gauteng by die Interprovinsiale Aksienetbal toernooi te verteenwoordig.
7	Ninke Otto 	• Ninke was gekies om Suid-Gauteng by die Interprovinsiale Aksienetbal toernooi te verteenwoordig.
7	Cezanne Brits 	• Cezanné was gekies om Suid-Gauteng by die Interprovinsiale Aksienetbal toernooi te verteenwoordig.

7	Dané Krouwkamp 	• Dané was gekies om Suid-Gauteng by die Interprovinsiale Aksienetbal toernooi te verteenwoordig.

BELANGRIKE DATUMS

11 April	Oueraande
	Geen sportoefeninge
12 April	Paasdiens in die Amfi
	Skool sluit 12:00 – Busse vertrek 12:15
18 April	1 ste rugby –en netbalspanne vertrek op toer na Limpopo tot 22 April
19 April	ATKV redenaars tot 21 April
2 Mei	Oefening vir 0/9 tot 1 ste rugby –en netbalspanne 14:00 tot 16:00
3 Mei	Skool begin 08:00
4 Mei	Rugbyliga vs L/s Fontainebleau(Tuis) – 0/9 tot 0/13
5 Mei	Carina Hugo Diedericks besoek die skool
	Sing-in-harmonie kooroptrede by die skool(Geen toeskouers)
6 Mei	Welpierugby by L/s President Steyn – 0/6, 0/7 en 0/8

LAERSKOOLBESTUUR

Skoolhoof:	Mnr W Uys	wium@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Akademie:	Me A vanZijl	anlivz@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Organisatories:	Mnr W Jacobs	willem@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof: Kultuur:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Juniorfase:	Me H Pretorius	helenap@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Seniorfase:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Musiek:	Mnr K Pretorius	kobie@leeuwenhof.co.za
Bemarkingsbestuurder:	Me M Wagner	marketing@leeuwenhof.co.za
Sekretaresse:	Me M Bothma	margaretb@leeuwenhof.co.za

Leeuwenhof - groete

_____

MNR. WIUM UYS
HOOF - LAERSKOOL